- Laat 'n minimum van 7 dae toe tussen laaste toediening en voer of beweiding.
- Hanteer versigtig.
- Skadelik indien ingesluk, ingeasem of deur kontak met vel.
- Giftig vir visse.
- Hou buite bereik van kinders, diere en oningeligte persone.
- Bêre agter slot-en-grendel in 'n koel, droë, goed geventileerde plek, weg van voedsel, voer, saad, kunsmis en ander tipes landboumiddels.
- In geval van vergiftiging kontak 'n geneesheer en wys hierdie etiket aan hom/haar.
- Vermoed vel- en oogkontak.
- Dra beskermende klere (rubber handskoene en gesigskerm) wanneer die konsentraat hanteer word.
- Moenie bo-oor water toedien of toelaat dat die spuitnewel wegdryf en water of aangrensende gebiede besoedel nie.
- Daar moet aan die gebruiksaanwysings voldoen word sodat risiko's teenoor mens en omgewing vermy kan word.
- Bêre in die oorspronklike, digsluitende houer, weg van sonlig en klammigheid.
- Moenie op aangrensende landerye met vatbare gewasse toedien nie, asook nie op graanvariëteite op 'n gevoelige groeistadium nie.
- **Herbetreding:** Moenie behandelde gebied binne 1 dag betree, tensy beskermende oorklere gedra word.
- **Lugtoediening:** Stel al die inwoners in die onmiddellike omgewing van die gebied wat bespuit gaan word in kennis en reik die nodige waarskuwings uit. Moenie oor water toedien nie en verseker dat die wegdrywing van spuitnewel nie ander areas besoedel wat nie onder behandeling is nie.
- **2,4-DMAX HL** is sonder enige fitotoksisiteitskade op die mees belangrikste kommersiële kultivars getoets. Meer sensitiewe kultivars mag in die toekomst vrygestel word wat eers getoets moet word; hiervoor moet **2,4-DMAX HL** eers op 'n klein toetsoppervlakte aangewend word, alvorens groot kommersiële bespuitings gemaak word.

**Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie. Die werking en doeltreffendheid daarvan kan beïnvloed word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats- en bergingstoestande; kwaliteit van verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui word nie en die voorkoms van weerstand van die onkruid teen die betrokke middel, sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van die toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir nadelige invloede op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom, of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.**

## VOORSORGMAATREËLS

- Vermoed wegdrywing van spuitnewel na ander gewasse, weiding, riviere, damme en gebiede wat nie behandel moet word nie.
- Moenie die dampe of spuitnewel inasem nie.
- Moenie oppervlaktewater of slote met enige chemikalieë of gebruikte houters besoedel nie.
- Produk moet verseël en in die oorspronklike houer gebêre word.
- Moenie rook, eet of drink tydens hantering van die produk of voordat hande en gesig gewas is nie.
- Voorkom die besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.
- Vermoed kontak van die konsentraat of spuitmengsel met vel, oog of klere.
- Dra beskermende klere (ondeurdringbare handskoene en oog-/gesigskerm) tydens die hantering van die produk.
- Was met seep en water direk na gebruik en na velkontak.
- Was beskermende toerusting en besoedelde klere deeglik na gebruik.
- Was onmiddellik met seep en water na toevallige velkontak.
- In geval van oogkontak was onmiddellik met genoegsame lopende water.
- Keer die leë houer om oor die spuittenk of mengbak en dreineer vir minstens dertig sekondes nadat die vloeï tot 'n gedrup verminder het. Spoel die houer daarna **drie keer** uit met 'n volume water gelykstaande aan 'n minimum van 30% van die inhoud van die houer. Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuittenk voordat die houer op die voorgeskrywe manier vernietig word.
- Maak alle toerusting deeglik na gebruik skoon en gooi spoelwater uit waar dit nie gewasse, weidings, riviere en damme sal besoedel nie.
- Maak die spuittoerusting met 1% huishoudelike ammoniakoplossing na gebruik skoon. Laat die oplossing vir 'n paar uur staan voordat dit ten minste twee keer met skoon water uitgespoel word. Die oplossing en spoelwater moet uitgegooi word waar dit nie voedsel, gewasse, weidings, riviere en damme sal besoedel nie. Gebruik hierdie spuitapparaat slegs vir die toediening van onkruidodders.

- Toedieningsapparaat moet nie naby gewensde plante, struik, boom of in hul wortelstelsels uitgespoel of leeggemaak word nie.
- Hou kinders en diere weg van opgestapelde houers en afvalmateriaal.
- Vernietig die leë houer deur gate daarin te maak en plat te slaan en raak daarvan op 'n veilige manier ontslae, soos deur die plaaslike regulasies voorgeskryf; deur dit te verbrand of te begrawe. Moet dit vir geen ander doel gebruik nie.

### **SIMPTOME VAN MENSLEKE VERGIFTIGING**

Blootstelling mag naarheid, braking, duiseligheid, tydelike verlies aan sig, maagpyne, diarree, hoofpyn, lae bloeddruk, verwardheid, aggressie, vreemde optrede, spiertrekking, spierswakheid, verlies aan spierkoördinasie, spierstyfheid, verlies aan tendonreflekse, hoë of brandgevoel in die boonste lugweë en bors veroorsaak. Sommige van hierdie simptome mag vir lang periodes en selfs permanent aanhou.

### **NOODHULPBEHANDELING**

**Velkontak:** Verwyder onmiddellik besoedelde klere, skoene en leeritems. Vee oortollige chemikalieë sagkens af en was liggaam en klere met groot hoeveelhede water en nie-skurende seep vir ten minste 15-20 minute. Was besoedelde klere voordat dit weer gebruik word. Verkry onmiddellik mediese bystand indien irritasie voortduur.

**Oogkontak:** Spoel oë met genoegsame stadig vloeiende water vir ten minste 15 minute terwyl ooglede oopgehou word. Verwyder enige kontaklense na die eerste 5 minute van spoeling. **Verkry onmiddellik mediese bystand.**

**Inaseming:** Lê die pasiënt neer en hou persoon warm en rustig. Indien asemhaling vlak is of ophou, verseker dat lugweë oop is, dien mond-tot-mond asemhaling toe en dien suurstof toe. Verkry onmiddellik mediese bystand indien irritasie voortduur.

**Ingesluk:** Moenie braking induseer nie. **Verkry onmiddellik mediese bystand** en toon die houer, etiket of produkveiligheids-inligtingsblad (material safety data sheet). Indien ingesluk laat pasiënt onmiddellik groot hoeveelhede water drink indien pasiënt wakker en in staat is om te sluk. Moet nooit iets vir 'n bewustelose pasiënt per mond ingee nie. Indien die pasiënt wakker en in staat is, spoel mond met water uit. Indien braking met toediening van water plaasvind, dien nog water toe indien pasiënt by volle bewussyn is. Vir raad, kontak die Nasionale Gifsentrum. Verseker dat die braaksel nie ingesluk word nie.

### **NOTA AAN GENEESHEER**

Daar bestaan geen teenmiddel nie. Behandel simptome en ondersteunend soos nodig mag wees. Indien groot hoeveelhede ingesluk is, oorweeg maagspoeling asook die toediening van geaktiveerde koolstof.

### **METODE VAN WERKING**

**2,4-DMAX HL** is 'n selektiewe sistemiese onkruidkoder. Soute word maklik deur die wortels geabsorbeer terwyl esters deur die blare geabsorbeer word. Translokasie vind plaas met die akkumulasie wat hoofsaaklik in die meristematiese gedeeltes van die lote en wortels plaasvind. Tree as 'n groei-inhibeerder op.

### **GEBRUIKSBEPERKINGS**

- Moenie naby of op breëblaar gewasse, vrugte of sierplante toedien nie.
- Moenie hierdie produk deur lugbespuiting in KwaZulu-Natal toedien nie.
- Moenie op gewasse onder stremming (hitte, droogte, koue, versuip-toestande en voedingstekorte) toedien nie.
- Moenie op enige gewas of situasie aanwend wat nie in die voorskrifetiket verskyn nie.
- Moenie hierdie produk in kombinasie of tenkmengsel met enige ander produk of landboumiddel gebruik wat nie spesifiek op hierdie etiket gelys is nie. Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk. aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige negatiewe gevolge indien die instruksies op die etiket nie nagekom word nie, tensy 'n Meridian verteenwoordiger vooraf geraadpleeg is.
- Neem die windspoed en rigting in ag wanneer hierdie produk toegedien word. Die volgende faktore sal die afstand bepaal.

| Windspoed (km/h) | Lugtoediening                                   | Grondtoediening                                 |
|------------------|-------------------------------------------------|-------------------------------------------------|
| 1.5 – 5          | 800 m windaf<br>800 m dwarswind<br>15 m windop  | 200 m windaf<br>200 m dwarswind<br>6 m windop   |
| 5 – 10           | 1.6 km windaf<br>800 m dwarswind<br>15 m windop | 400 m windaf<br>200 m dwarswind<br>1.5 m windop |
| 10 – 15          | 3.2 km windaf<br>800 m dwarswind<br>15 m windop | 800 m windaf<br>400 m dwarswind<br>1.5 m windop |
| >15              | Verbode                                         | Verbode                                         |

### WEERSTANDSWAARSKUWING

Vir weerstandsbestuur is **2,4-DMAX HL** 'n groeppkode O onkruidodder. Enige onkruidpopulasie mag individue insluit wat 'n natuurlike weerstand teen **2,4-DMAX HL** of enige ander groeppkodes O onkruidodder het. Hierdie weerstandbiedende individue kan uiteindelik die onkruidpopulasie oorheers indien hierdie onkruidodders herhaaldelik gebruik word. Hierdie weerstandbiedende onkruid sal waarskynlik nie deur **2,4-DMAX HL** of enige ander groeppkodes O onkruidodder beheer word nie.

#### Om weerstand teen onkruidodders te vertraag:

- Vermoed die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van onkruidodders met dieselfde groeppkode. Wissel af met, of gebruik tenkmengsels van, produkte in verskillende onkruidoddergroeppkodes.
- Integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies) in onkruidbeheerprogramme.

Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur, kontak die registrasiehouer van hierdie produk.

Dit is moeilik om die teenwoordigheid van weerstandbiedende onkruid voor gebruik te bepaal en daarom kan nog die Registrasiehouer nog die Verpreider verantwoordelikheid aanvaar vir verliese a.g.v. **2,4-DMAX HL** wat nie die weerstandbiedende onkruid beheer nie. Moenie **2,4-DMAX HL** op sy eie toedien in situasies waar onkruidweerstand bevestig is nie. Sub-standaard toedienings van **2,4-DMAX HL** sal tot verswakte onkruidbeheer lei en mag tot die ontwikkeling van onkruidodder weerstandigheid bydra. Dit is uiters belangrik om die behandelde gebiede noukeurig te ondersoek om te verseker dat onkruidodder weerstandige onkruid betyds geïdentifiseer word.

'n Plaaslike plaasstrategie vir die voorkoming en bestuur van weerstand moet aangeneem word. Riglyne is deur die "Herbicide Resistance Action Group (HRAC)" opgestel en kopieë daarvan is by HRAC, jou verspreider of agent, onafhanklike gewasadviseur of by Meridian Agritech beskikbaar.

### GEBRUIKSAANWYSINGS

#### Gebruik slegs soos aangedui.

#### VERENIGBAARHEID

Die verenigbaarheid van **2,4-DMAX HL** met ander produkte hang van die formulerings van die betrokke produkte af, asook die kwaliteit van die spuitwater wat gebruik word. Omdat formulerings van tyd tot tyd kan verander, word dit aanbeveel om 'n fisiese verenigbaarheidstoets uit te voer voordat die tenkmengsel gemaak word. Moenie met enige ander produkte meng wat nie in hierdie etiket verskyn nie.

Indien ander produkte saam met **2,4-DMAX HL** in 'n spuitprogram gebruik word, moet die etikette van daardie produkte geraadpleeg word vir die aanwysings en beperkings op toedienings en gewasrotasie-aanbevelings.

Raadpleeg 'n Meridian Agritech verteenwoordiger vir besonderhede.

#### MENG- EN TOEDIENINGSINSTRUKSIES

Vul die spuittenk halfvol met skoon water. Voeg die verlangde hoeveelheid **2,4-DMAX HL** by die spuitwater terwyl dit geroer word. Maak spuittenk tot by die verlangde volume vol. Indien tenkmengsels met ander onkruidodders gemaak word, moet die onderskeie vervaardigers se gebruiksaanwysings op die etiket gevolg word. Indien tenkmengsels gemaak word, voeg **2,4-DMAX HL** eerste in 'n halfvol spuittenk, gevolg deur die mengvennoot. Hierna, vul die spuittenk met die verlangde volume skoon water. **Tenkmengsels moet onmiddellik uitgespuit word en nie toegelaat word om in die spuittenk oornag te staan nie.** Spuittoerusting moet deeglik aan die einde van die spuitproses uitgespoel word.

**Verseker konstante en deeglike roering gedurende die meng- en spuitproses.**

## TOEDIENINGSMETODES

Daar word aanbeveel om 500 l spuitmengsel per ha toe te dien om effektiewe bedekking te verseker. Verseker dat die spuitapparaat korrek gekalibreer is. Die gebruik van platwaaier spuitkoppe word aanbeveel. Die spuittoerusting moet na toediening deeglik uitgespoel word.

### Lugtoediening

**Moenie hierdie produk met lugtoediening in KwaZulu-Natal toedien nie.**

Lugtoediening mag slegs deur 'n geregistreerde lugbespuitingsoperateur met 'n korrek gekalibreerde, geregistreerde vliegtuig volgens die instruksies van SANS Kode 10118 (Aerial Application of Agricultural Pesticides) gedoen word. Dit is belangrik om te verseker dat die spuitmengsel eweredig oor die teikenarea versprei word en dat die verlies aan spuitmengsel tydens toediening tot 'n minimum beperk word. Dit is dus belangrik om aan die volgende vereistes te voldoen:

### Toerusting

- Gebruik geskikte atomiseringsapparaat wat die vereiste druppelgrootte en bedekking sal produseer, maar wat die minste verlies van produk deur wegdrywing sal verseker.
- Die spuitsisteem moet 'n druppelspektrum met die kleinste moontlike relatiewe spanwydte produseer.
- Al die spuitkoppe en atomiseerders moet in die binneste 60 - 75% van die vlerkspan geplaas word om te verhoed dat die druppels binne-in die vlerkvorteks inbeweeg.

### Toedieningsparameters

- 'n Druppelspektrum met 'n VMD van 300 - 350 mikron word aanbeveel. Verseker dat die produksie van fyn druppels (kleiner as 150 mikron) tot 'n minimum beperk word.
- Die hoogte van die spuitbalk moet tussen 3 en 4 meter bokant die teiken gehandhaaf word.
- Moenie spuit wanneer die vliegtuig besig is om te klim, te draai, te duik, of terwyl dit uitklim nie.
- 'n Minimum volume van 30 - 35 l spuitmengsel per hektaar word aanbeveel. Aangesien hierdie produk nie teen 'n verlaagde volume getoets is nie, kan die registrasiehouer nie effektiwiteit waarborg, of verantwoordelik gehou word vir enige nadelige effek indien hierdie produk teen 'n laer volume as hierbo aanbeveel, uit die lug toegedien word nie.
- 'n Druppelbedekking van 30 - 40 druppels per vierkante cm moet op die teikenarea herwin word.

### Meteorologiese Toestande

- Die verskil tussen die nat- en droëbollesing, soos met 'n swaaihigrometer bepaal, moet nie 8°C oorskry nie.
- Moenie tydens turbulente, onstabiele toestande, of gedurende die hitte van die dag wanneer stygende en dalende konveksie-windbewegings plaasvind, toedien nie.
- Moenie tydens temperatuur-inversie-toestande (deur bokant of binne-in die inversielaag te spuit) en/of gedurende hoë humiditeitstoestande (relatiewe humiditeit bokant 80%) toedien nie, aangesien dit kan lei tot:
  - a) Verlaagde effektiwiteit a.g.v. suspensie of verdamping van klein druppels in die lug wat tot onvoldoende bedekking op teikenarea lei.
  - b) Skade aan ander sensitiewe gewasse en/of nie-teikenareas deur wegdrywing van die spuitwolk vanaf die teikenarea.
- Moenie spuit wanneer die windspoed 15 km per uur oorskry nie.

### Algemeen

- Verseker dat die lande akkuraat gemerk is en dat die spuitoperateur presies weet watter lande gespuit moet word.
- Verkry die versekering van die spuitoperateur dat aan die bogenoemde vereistes voldoen sal word en dat die toepaslike data in 'n logboek vir latere verwysing opgeteken sal word.

### Vooropkomstoediening

Dit is belangrik om die gewas in 'n goed bewerkte, klam, kluitvrye saadbedding te plant om te verseker dat 'n hoë persentasie onkruid onmiddellik na planttyd ontkiem. Moenie onder koue toestande, met of sonder ryp, toedien nie. Vir die beheer van eenjarige grassoorte dien **2,4-DMAX HL** toe voordat die grasse ontkiem. Die tydperk van onkruidbeheer word verwag om tussen 3 - 6 weke te wees.

### Na-opkomstoediening

Dien slegs toe wanneer die gewas in die geskikte ontwikkelings stadium is (sien die **Doseringstabel**) en as die grond klam is. Toediening van **2,4-DMAX HL** wanneer die onkruid nog in vroeë stadium van ontwikkeling (2 - 4 blaar stadium) is, sal die beste resultate verseker. Die hoër dosis mag nodig wees as die onkruid volwasse raak, maar moenie die maksimum dosis soos in die **Doseringstabel** aangedui, oorskry nie. Gebruik ook die hoër dosis in gevalle waar die onkruidinfestasie hewig is.

# AANBEVELINGS

| GEWAS                   | DOSIS / ha     |        | OPMERKINGS                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                |
|-------------------------|----------------|--------|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Gars, Rog               | 1.0 – 1.75 ℓ   |        | <b>Na-opkoms:</b> Dien toe wanneer die gewas in die vyfblaarstadium (5 blare op die hoofhalm met die 6de blaar sigbaar) is.                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                               |
| Graansorghum            | 1.25 ℓ         |        | <b>Na-opkoms:</b> Dien toe wanneer die gewas 15 – 25 cm hoog is (ongeveer 3 weke na ontkieming) as 'n tussen-ry gerigte spuit. Indien toediening op 'n latere stadium gedoen word, moet val-arms gebruik word.                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                            |
| Gevestigde grasweidings | 2.25 – 3.0 ℓ   |        | <b>Na-opkoms:</b> Dien stikstofhoudende kunsmis 2 – 3 weke voor die toediening van <b>2,4-DMAX HL</b> toe.                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                |
| Mielies                 | 0 – 10% klei   | 1.75 ℓ | <b>Vooropkoms:</b> Dien toe 5 – 6 dae na plant op 'n goed voorbereide saadbed met genoegsame vog.                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                         |
|                         | 11 – 20 % klei | 2.25 ℓ |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                           |
|                         | 21 – 35 % klei | 3.0 ℓ  |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                           |
|                         | >35% klei      | 3.5 ℓ  |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                           |
|                         | 1.25 ℓ         |        | <b>Na-opkoms:</b> Dien toe wanneer die gewas 30 – 45 cm hoog is. Val-arms moet vir gerigte tussen-ry bespuitings gebruik word. Verhoed dat die sproeinewel in die kelk beland. Grasonkruid wat alreeds teen hierdie tyd ontkiem het, sal nie beheer word nie. <i>Striga asiatica</i> moet gespuit word sodra blomme die eerste keer sigbaar is                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                            |
| Gevestigde grasperke    | 2.25 - 3.0 ℓ   |        | <b>Na-opkoms:</b> Dien stikstofhoudende kunsmis 2 – 3 weke voor die toediening van <b>2,4-DMAX HL</b> toe.                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                |
| Aartappels              | 0 – 20% clay   | 1.75 ℓ | <b>vooropkoms:</b> As die gewas in droëland geplant is, eg dadelik na die eerste reëns en dien toe.                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                       |
|                         | 21 – 35% clay  | 2.25 ℓ |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                           |
|                         | >35% clay      | 3.0 ℓ  |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                           |
| Suikerriet              | 3.5 – 4.75 ℓ   |        | <p><b>Vooropkoms (plant- en opslagriet):</b> Dien as 'n gerigte bespuiting tussen rye in 200 - 400 ℓ water / ha as 'n algehele bespuiting binne enkele dae na plant of oes en voordat die onkruid opkom.</p> <p><b>Na-opkoms:</b><br/>Dien toe in 200 - 400 ℓ water in die vroeë stadiums van onkruidgroei. Die behandeling kan rietskade aanrig en die gevaar dat dit voorkom, word tot die minimum beperk as die toedienings as 'n tussenry-bespuiting gerig word om sover moontlik te vermy dat die rietblare nat word.. As die kiere 'n hoogte van 40 cm oorskry of meer as 5 blare per loot oopgevou het, moet gerigte bespuitings uitgevoer word. As daar nie gerigte bespuitings gedoen word nie, kan die groei vertraag word.</p> |
| Koring                  | 1.0 – 1.75 ℓ   |        | Dien toe tussen groeistadiums 7 (middelste dubbelriwwe vergroot) en 13 (baard van die boonste sy-aartjies verleng), volgens die lys van groeistadiums van die LNR se Kleingraan Instituut in Bethlehem.                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                   |

## ONKRUIDE BEHEER:

| <b>Botaniese naam</b>         | <b>Algemene naam</b>              |
|-------------------------------|-----------------------------------|
| <i>Bidens pilosa</i>          | Gewone Knapsekêrel                |
| <i>Chenopodium album</i>      | Withondebossie                    |
| <i>Commelina benghalensis</i> | Bengaalse wandelende Jood         |
| <i>Malva parviflora</i>       | Kiesieblaar                       |
| <i>Polygonum aviculare</i>    | Voëlduisendknoop (Koperdraadgras) |
| <i>Portulaca oleracea</i>     | Porslein                          |
| <i>Raphanus raphanistrum</i>  | Ramenas                           |
| <i>Richardia brasiliensis</i> | Meksikaanse-Richardia             |
| <i>Striga asiatica</i>        | Gewone mieliëroiblom              |
| <i>Tagetes minuta</i>         | Kakiebos                          |
| <i>Tribulus terrestris</i>    | Dubbeltjie                        |

Die aanbevole **2,4-DMAX HL** behandelings beheer die bogenoemde onkruidspesies. Sekere onkruid wat nie in die ontwikkelingsproewe van die produk teenwoordig was nie, mag dalk ook in 'n mate beheer word. Die registrasiehouer aanvaar geen verantwoordelikheid vir onkruid wat nie gelys is nie.